


Kinders wat Omgee

'n Versameling Kortverhale



Gepubliseer deur
The Humane Education Trust



www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-3-4

Illustrasies: Pandora Alberts

©Louise van der Merwe

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van die uitgewer gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of langs enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

*'n Deel van jou siel sal altyd slapende bly
totdat jy 'n diertjie liefkry.*

— Anoniem

Katjies... katjies... katjies !



deur Pandora Alberts

Lucy, 'n pragtige troeteldier

Belinda het 'n spesiale troeteldier gehad. Haar naam was Lucy en sy was 'n pragtige wollerige wit katjie met 'n swart vlek op haar neus. Haar ogies was 'n geheimsinnige grys-groen kleur en sy het 'n baie lang stert gehad. Belinda en Lucy was beste vriende. Wanneer Belinda van die skool af by die huis kom, het Lucy vir haar gewag. Soms het sy agter die hek uitgespring na Belinda, of sy het in die Jakarandaboom geklim en dan trek sy Belinda se haarstrik uit as sy verbyloop.

Sy het daarvan gehou om in Belinda se popwaentjie rondgestoot te word, aangetrek met babakleertjies met 'n gebreide teddiebeertjie langs haar ingedruk! Sy het ook daarvan gehou om agter in Belinda se rugsak te ry, of om op te krul in Belinda se skoot terwyl sy televisie kyk. Snags het sy op haar bed geslaap, waar sy onder Belinda se arms inkruip en spin soos 'n klein motortjie.

Lucy het gou groot geword. Sy was versot daarop om snags by die venster uit te spring en prooi te gaan soek in die maanverligte tuin. Sy het skadu's op die stoep gejaag en het vriende gemaak met 'n klomp ander katte wat op die tuinmure geloop het. Baiekeer was sy weg tot vroeg in die oggend as die voëltjies begin sing in die Jakarandas.



Lucy word 'n mamma


“Jy's nou amper 'n groot kat,” het Belinda gesê, terwyl sy Lucy se sagte pels streel. Lucy se magie het vinnig begin vet word.

“Grote griet, ons moet haar nie so baie kos gee nie,” het Belinda se ma gesê.

“Ek het nuus vir jou,” het Belinda se ouma gesê. “Lucy gaan klein babakatjies kry. Die pappa kat is seker een van die katte wat op die mure rondloop.”

“Babakatjies? Aai!” Belinda was baie bly. Sy kon nie wag vir die dag wanneer die katjies gebore sou word nie. Sy was selfs meer opgewonde toe sy van die skool af kom een middag en sien dat Lucy geboorte gegee het aan vier klein babatjies in haar klerekas. Sy het trots die klein katjies gelek met haar pienk tongetjie.

“O! Hulle is so dierbaar!” het almal gesê. Belinda het met Lucy se babatjies gespeel. Daar was 'n wit een, 'n swart een, 'n ligte grys streperige een, en 'n wollerige een met kolle, net soos Lucy. In die begin was die katjies se ogies toe, maar na vier of vyf dae het hulle ogies oopgegaan. Soos hulle groter geword het, het hulle meer lewendig en vol streke geraak. Hulle het op die gordyne geklim en op die tafel gespring. Moeder was nie tevrede nie.



“Ons kan nie al hierdie katte hou nie,” het sy vir Belinda gesê. “Jy moet huise vir hulle kry.”

“O nee!” het Belinda gehuil. “Hulle is Lucy se kinders!” Nietemin, Moeder was ferm: “Vyf katte! Onmoontlik!” het sy gesê. Met 'n swaar hart het Belinda die katjies in 'n mandjie gesit en skool toe geneem om hulle weg te gee. 'n Klomp kinders wou die katjies hê. Dit was sommer maklik om huise vir hulle te kry.

Katjies terug, katjies verlore en katjies gevind

Daardie aand was daar 'n klop aan die deur. Daar staan die seun wat die wit katjie gevat het. Langs hom is sy pa met die katjie in sy hande. “Ons kan nie 'n kat aanhou nie,” het die seun se pa gesê. “Ons bly in 'n woonstel op die tiende verdieping. Ons het geen tuin nie. Almal is elke dag uit. Dis nie die lewe vir 'n dier nie. Hoekom het iemand my nie eers gevra of my seun 'n kat mag kry nie? Julle behoort nie net diere weg te gee as julle nie weet wat se huise hulle gaan kry nie.”

Hy het baie kwaad geklink. Belinda het die wit katjie teruggevat. “Ek's jammer,” het sy gesê. “Ek het nie daaraan gedink nie.”



Sy het nou bekommerd geraak oor die ander katjies wat sy weggegee het. Gaan hulle goed versorg word? Môme is dit Saterdag. Sy het besluit sy sal na die ander kinders se huise toe gaan vir wie sy die katjies gegee het. Die meisie wat die swart katjie gevat het, het baie hartseer gelyk.

“My hond het die katjie doodgebyt,” het sy gesê. “Ek het nie gedink hy sou so iets doen nie.”

“Jy het my nie vertel dat jy 'n hond het nie!” het Belinda geskreeu. “Nou is my katjie dood!”


“Sy was nie jou katjie nie!” het die meisie terug geskreeu. “Jy het haar vir my gegee.”

“Nou's sy niemand se katjie nie,” het Belinda gehuil toe sy omdraai. Sy was amper te bang om uit te vind oor die ander katjies.

Die liggrys, gestrepte katjie het weggeraak. “Dis so snaaks,” het die ouer suster gesê van die meisie wat hom gevat het. Ons het hom in die tuin gesit, en hy spring toe op en hardloop in die pad af. Hy was so bangerig. Ons het gesoek en gesoek, maar daar was geen teken van hom nie.” Niemand het daaraan gedink om die katjie eers binne die huis op 'n stil plek te hou totdat hy sy nuwe familie leer ken het nie.




Belinda het gesien hoe jaag die motors in die pad af.
Wat 'n gevaarlike plek vir 'n verlore katjie!



Met 'n swaar hart het sy aan die laaste huis se deur geklop. Doodstil. Sy het weer en weer geklop. Daar was niemand tuis nie. Belinda wou net omdraai en loop toe sy 'n miaau-geluidjie hoor. Sy kyk op en sien die klein, swart, wollerige katjie op die dak. Sy het vasgesit.

“Ag nee! Hoe het jy daar bo gekom? Wat moet ek nou doen?” Sy kon nie by die katjie uitkom wat in die geut vassit en skreeu nie. Uiteindelik het Belinda 'n vriendelike buurman gekry wat 'n leer gebring het. Hy het opgeklim en die katjie gered.

“Ek's verbaas dat hierdie familie 'n katjie het,” het die buurman gesê. “Hulle gaan elke naweek na hulle vakansiehuis toe. Hulle het seker gedink die klein katjie gaan na homself kyk.” Belinda het die klein lyfie styf vasgehou en gevoel hoe sy hartjie vinnig klop onder die sagte pels. “Ek neem jou terug huistoe,” het sy vir die katjie gefluister. “Dit was 'n groot fout om jou hierheen te stuur!”



Ouma gee raad

By die huis het Belinda en haar ma gestry. “Ons MOET hierdie twee katjies hou!” het sy gekerm. “Die nuwe huise was vreeslik. Die mense het nie geweet hoe om na hulle diere te kyk nie. Hulle het gesê hulle wou hulle hê, maar hulle wou nie regtig nie.”

“Ons kan nie drie katte hou nie, Belinda,” het haar ma gesê. “Hierdie katte gaan ook babas kry. Hoeveel katte gaan ons dan uiteindelik hê? Honderde!”

Ouma het raad. “Daar's net een oplossing, en ons moes eerder daaraan gedink het. Ons moet die katte na die vee-arts neem om te laat steriliseer. Dan kan hulle nie babas kry nie. Ons kan al drie hou as hulle nie meer gaan teël nie.”

“Wat beteken steriliseer?” het Belinda gevra.

“Dit beteken dat die vee-arts 'n klein operasietjie op die kat doen om die dele te verwyder wat die babatjies maak”, het Ouma gesê.

“Wel, ons moet dit gou-gou laat doen,” het Moeder gesê. “Ons wil nie meer treurige stories hê nie.”

Die operasies was nie baie duur nie. Belinda se ma het gesê dis die moeite werd vir al die mishandeling wat verwaarloosde diere kry.

Lucy en haar twee dogtertjies is tevrede, en Belinda ook, want nou hoef sy nie meer huise te soek vir die katjies nie!






Die hond wat haar jas verloor het

deur Pandora Alberts

Leer die vriende ken

Tebogo het daarvan gehou om met sy vriende Siza en Shado te speel. Hulle het in die buurt rondgeloop en speletjies gespeel met ander kinders en dan het hulle na die Spaza-winkel toe gegaan as hulle geld gehad het. Tebogo se hond, Lana, het altyd saam met hulle gegaan.

Eendag het Siza gesê: "Tebogo, Lana krap haarself baie. Miskien het sy vlooië." Lana se hare het begin uitval. In die begin was dit net 'n bietjie, hier en daar, maar toe word dit erger.



Tebogo se ma het vlooiptoer by die winkel gekoop. "Gooi van hierdie poeier op haar en was haar kombers," sê die man agter die toonbank. Tebogo en sy ma het gedoen wat hy gesê het, maar Lana het aanhou krap.

Mense het na Lana gekyk en begin lag. "Kyk Tebogo se hond!" het hulle geskreeu. "Jou hond is kaal, Tebogo!"

Teen hierdie tyd het Lana die meeste van haar hare verloor. Sy het niks meer pret gehad nie. Tebogo was baie jammer vir Lana. Winter was op pad, en nou het sy niks hare gehad om haar warm te hou nie.





Tebogo se ouer suster, Sindi, was op kollege. Een Vrydag het sy van die kampus af gekom met 'n bruin papiersak.

“Ek het 'n present vir Lana,” het Sindi gesê. “Ek het dit self gebrei.”


Tebogo het die pakkie oopgemaak, en binne-in was 'n gestreepte trui!

“Haau!” sê Tebogo. “Ek het nie geweet honde dra klere nie.” Hy het die trui dadelik vir Lana aangetrek. Toe Siza en Shado vir Lana met haar trui sien, het hulle gelag en gelag.



Tebogo het kwaad geword en alleen weggestap.
“Wat is so snaaks?” het hy mismoedig gedink.
“Miskien is hulle nie regtig my vriende nie.”

Daardie nag het Lana haarself so baie gekrap dat die trui losgerafel het. Die volgende oggend moes Tebogo die wolstringe om haar pote losmaak. Dit het gelyk of niks vir arme Lana wil help nie. Maar Moeder het 'n plan gehad. “Neem vir Lana na die Dierebeskermingsvereniging toe en kyk of hulle haar kan help,” het sy gesê. Die dierekliniek was op Woensdae oop. Tebogo het vir Lana 'n leiband aangesit en in die ry saam met baie ander mense en hulle diere gewag.



By die Vee-arts

Toe die vee-arts vir Lana sien, sê sy: "Sjoe, wat 'n erge velsiekte. En sy het vlooië en bosluise ook!" Sy het Lana opgetel en op die tafel gesit. Sy het 'n velskraping van Lana geneem en haar 'n inspuiting gegee. Lana het 'n bietjie getjank maar het nie probeer om haar te byt nie.

"Gehoorsame hond, Lana," sê die vee-arts. "Dit sal jou vel begin gesond maak."



Toe sit sy Lana in 'n groot bad water met spesiale medisyne. Lana het nie daarvan gehou om in die bad te wees nie maar die veearts het haar goed gewas, selfs haar gesig en ore, om van die vlooië en bosluise wat haar so gepla het ontslae te raak.

“Nou wil ek hê dat jy Lana elke week moet terugbring vir 'n inspuiting totdat haar hare weer gegroei het,” het die vee-arts vir Tebogo gesê. “En was ook asseblief haar kombes elke week,” het sy gesê.

Toe het die vee-arts vir Tebogo iets interessants gewys. Sy het na 'n instrument wat 'n mikroskoop genoem word gewys.

Die vee-arts het die velskraping van Lana op 'n stukkie glas onder die mikroskoop gesit. Sy het vir Tebogo gesê om in die oogstuk te kyk.

"Oeee!" het Tebogo gegil, "Ek sien monsters rondhardloop."



"Daardie goggas is te klein om met die blote oog te sien, maar onder die mikroskoop lyk hulle baie groter," het die vee-arts gesê.

"Hulle het Lana se vel gevreet en haar 'n velsiekte gegee. Dis hoekom sy haarself so baie gekrap het."

Lana kry weer haar pels

Mettertyd het Lana se hare weer begin groei. Tebogo se ma het 'n teelepel kookolie op Lana se kos gegooi om haar hare sag te maak. Teen die winter was sy pragtig en wollerig. Toe hulle teruggaan na die kliniek toe, het die vee-arts vir Tebogo gesê: "Lana is gesond. Jy het haar baie mooi versorg."

Lana was weer gelukkig en spelerig. Sy het nie meer gekrap nie. Sy het met Tebogo, Siza en Shado in die buurt gespeel. Tebogo het besluit om hard te leer om 'n vee-arts te word as hy groot is, sodat hy siek diere gesond kan maak.

Gedurende die lente het twee belangrike dinge gebeur. Daar was 'n hondeskou by die skool. Tebogo het Lana se pels gekam totdat dit blink. Daar was twinting honde by die skou. Party van hulle het toertjies gedoen. Van hulle was baie groot en ander klein.

Tebogo het om die beoordelaar se ring geloop met Lana aan 'n leiband. Die ander kinders ook. Die beoordelaars het na die honde gekyk en notas in hulle boeke gemaak. Uiteindelik is die pryse uitgedeel.

"Die prys vir die hond met die beste pels," het die beoordelaar gesê, "gaan aan Lana!"




Almal het hande geklap en gejuig en gefluit. Tebogo het trots vir Lana na die beoor-delaars toe gelei om die prys te kry en 'n groot pak honde-kos. Lana se stert het gewaai. Sy het geweet sy lyk pragtig.

Die volgende opwinding was die skool se prysuitdeling. Tebogo het eerste plek behaal in wiskunde en natuur-wetenskap. Hy het nou geweet dat sy droom om 'n vee-arts te word, met harde werk waar sal word.

“Lana, die lewe is goed,” het hy gesê, terwyl hy sy beste vriend se kop streef. Lana het regop gesit en geglimlag. Sy het dit alreeds geweet.

Molo,
Koning van die Ashoop



deur Pandora Alberts

Lewe op die Ashoop


Vandat hy kan onthou, het Vusi op die ashoop gewoon. Hy weet nie hoe oud hy is nie, maar Gogo Mieta sê sy dink hy moet elf of twaalf wees. Hy is klein en skaam.

Soms as hy die raserige draadtrollie af dorp toe stoot om sy versameling bottels en blikkies te verkoop, dan terg die straatkinders hom. Hulle wys na sy vuil wit kêppie en skree: “Hier kom ‘n kiewiet voëltjie! Kyk sy dun beentjies! Vlieg weg, vlieg weg!”

Vusi probeer om nie te praat nie. Hy bly so aan die een kant. As hy enige geld maak, bêre hy dit in sy skoene. Later koop hy rooiworsies en vrugte en brood vir Gogo Mieta om toebroodjies te maak. Soms het hy nog genoeg oor om ‘n koeldrank te koop.


Die lewe op die ashoop is swaar. Vusi dra weggooiklere wat hy uit swart asblikkies krap en uit gebrande ashope haal. In die winter is hy altyd koud en die reën maak die sere op sy bene seer.

Sy hare ruik altyd na rook en sy hande is gesny omdat hy in die vullis rondkrap. Hy dra snaakse skoene. Hulle is te groot, nou stop hy hulle vol lappe om hulle aan sy voete te hou. Skoene verloor altyd hulle maats in die vullistrokke. Vusi wens dan mense die vetters aanmekaar wil vasmaak voordat hulle dit weggooi.



Vandag is Sondag, en Sondag op die ashoop is spesiaal.
Die vure wat die stink rook maak is amper uitgebrand.
Die groot stootskrapers wat die vullis op hope stoot,
staan doodstil geparkeer.

Vusi hoef nie sy trollie met die hoofweg af dorp toe te
stoot nie. Al die kinders in Gogo se skooling help om sop
te maak in die swart pot. Die lekkerste is wanneer hulle
saam sing. Gogo leer hulle liedjies en een van die seuns
speel die kitaar. Vusi slaan op 'n veertig-gelling drom.
Hulle klink ongelooflik!



Molo die vriend

Vandag is iets nie reg nie. Die groot wit bok wat op die ashoop bly is nêrens te sien nie. Vusi is lief vir die bok. Hy het hom “Molo” genoem, want dit lyk of die bok hom elke oggend groet wanneer hulle op die ashoop ontmoet. Molo is bietjie wild. Niemand anders behalwe Vusi mag aan hom vat nie. Soms spandeer hulle die hele dag saam. As Vusi iets spesiaal kry, hou hy dit op vir Molo om te sien.

“Kyk hier, Molo Bok,” sê Vusi. “’n Groot rooi hemp met ’n paar knope aan. Hou jy nie daarvan nie?”

Molo kyk hom so skuins aan met sy geel oë en Vusi is seker hy antwoord: “Ho, Vusi, ek kan nie daardie rooi hemp gebruik nie. Kyk wat het ek. ’n Paar pynappelkoppe en ’n lekker ou sokkie!” Molo hopspring en skarrel altyd. Hy staan heelbo op die hope asof hy die ashoop besit.

“Ons gaan daai bok in ons vleispot gooi,” waarsku Gogo. Maar Molo is te slim om gevang te word. Hy skud net sy baard en galop weg. Nou skarrel Vusi rond op soek na Molo. Het hy in iemand anders se vleispot beland? Hy kyk oral op die ashoop maar kry geen spoor van Molo nie.



“Molo! Molo Bok!” Vusi is baie bekommerd. “Kom eet jou kos terwyl dit nog warm is!” roep Gogo.

Molo in gevaar

Vroeg die volgende oggend sien Elvis, die stootskraperbestuurder vir Molo onder sy masjien lê. Vusi dink hy is dood maar toe hy Molo se neus vryf maak die bok sy oë oop en nies. Daar is skuim om sy bek en sy bene skop.

“Eish, daardie bok is kapot,” sê Elvis. Hy klim op die stootskraper en skakel die enjin aan.

Vusi het ‘n plan. Hy weet iewers in die dorp is daar ‘n dokter wat siek diere kan gesond maak. “Help my om vir Molo in my trollie te sit, Elvis,” smeek hy.

“Vusi, vergeet dit. Daardie bok sal doodgaan.”

Maar hy klim van sy stootskraper af en tel vir Molo op en sit hom in die trollie. Molo kriewel ‘n bietjie en lê dan stil. Sy modderige hoewe en horings steek deur die trollie se tralies.

Vusi begin sy lang rit. Die trollie se wiele is klein en sit vas in die gemors op die ashoop. Molo is ‘n groot bok en baie swaar.



Party van die ander kinders help Vusi om die trollie op die hoofweg te kry. Daar begin hy hardloop! Die hoofweg loop teen 'n skuinste af.

Uiteindelik kom Vusi by die dorp uit. Daar is mense en verkeer en winkels voor hom. Hy sukkel om die trollie op en af van die sypaadjies te kry. Die mense kyk en lag.

Skielik staan die dorp se stoute straatkinders voor hom. Hulle wil hom nie verby laat kom nie. Hulle spot hom. “Hier kom kiewiet! Haai, is dit jou broer in die stootwaentjie? Moet ons hom in die verkeer stoot?”

Vusi raak baie kwaad. “GEE PAD VOOR MY!” Hy skree met 'n bulderende stem. Hy is nou nie meer klein skaam Vusi nie. Die stoute seuns sien hoe sy oë gloei en hulle raak stil.

Vusi stoot die trollie so vinnig dat dit lyk of hy in stukke gaan spat.

'n Lang ent af in die pad is daar 'n wit huis met 'n naambord in die tuin. Vusi kan nie die naam op die bord lees nie.

“Is dit die plek van die dieredokter?” vra hy vir 'n verbyganger. Die vrou knik en wys. “Die blou deur.”



'n Lang, angstige wag

Binne die dierekliniek kyk vriendelike Dokter Naidoo na Molo en skud sy kop. “Hierdie bok het iets baie giftig gevreet. Ons weet nie wat die gif is nie. Ons sal probeer om hom te red, maar moenie te veel verwag nie.”


Vusi is uitgeput. Hy sit buite op die trappie met sy gesig in sy hande. Die hele dag bring mense hul diere vir behandeling. Daar is katte in mandjies, klein hondjies, groot honde, 'n parakiet op iemand se skouer, en selfs 'n slang in 'n katoensak. Niemand anders bring 'n bok nie.

Sommige van die mense dra mooi klere en hul diere is goed versorg. Hulle dra helder halsbande met klein glas juweeltjies in. Hierdie mense staar na Vusi en loop om hom asof hy vuil is.

Dit is donker toe Dokter Naidoo uitkom om vir Vusi te soek. Hy het 'n donker jas oor sy wit jas aangetrek. Hy lyk moeg.

“Jou bok moet in ons hospitaal bly. Hy het 'n kans.” Hy kyk na Vusi en frons. “Waar bly jy?”

Vusi vertel hom van die ashoop en Gogo Mieta en die ander kinders, en van hul skuiling wat van pale en draad en stukke plastiek gemaak is.



“Ek dink ek ken iemand wat jou kan help,” sê Dokter Naidoo.

Die persoon wat Dokter Naidoo wil hê Vusi moet ontmoet, is Suster Anna, ‘n sosiale werkster. Sy is vriendelik en goehartig en neem Vusi en sy trollie saam met haar huistoe vir die nag.

Vusi bad in skoon warm water met borrelseep en ‘n sagte spons. Hy was sy hare met silwerige sjampoe en droog homself met ‘n groot wollerige, oranje handdoek af. Dit is ‘n groot avontuur! Hy ruik wonderlik. Nou trek hy klere aan wat Suster Anna vir hom gegee het om vir altyd te hou. Vusi hou baie van sy gebruikte jeans en ‘n pers sweetpakbaadjie wat nog net ‘n bietjie te groot is.

“Nou vir aandete,” sê Suster Anna. Sy bak eiers en tamaties, en maak groot toebroodjies met kaas en sulke krakerige groen blare. Vusi vat sy mes en vurk. Hy is so honger dat hy sommer al die kos op een slag in sy mond wil prop. Maar hy onthou dat Gogo Mieta altyd aandring op goeie maniere.

Skielik onthou hy vir Molo Bok wat in die hospitaal lê. Hy kan niks eet nie. Hy druk sy gesig in sy hande en sê, “Molo sal doodgaan!”



“Shh,” sê Suster Anna. Sy hou hom vas. “Ons sal hom môre sien. Slim Dokter Naidoo sal sy bes doen.”

“Dis nie lekker by die ashoop sonder Molo nie,” huil Vusi.


‘n Wonderlike nuwe begin

Molo bly in die hospitaal vir 'n week, en toe loop hy bewerig buitentoe op die gras. Ander goeie dinge gebeur ook. Suster Anna gaan sien vir Gogo en die kinders by die ashoop sodat sy 'n beter plek vir hulle kan kry om te bly.

Vusi gaan skool toe waar sy onderwyser sê hy sal gou-gou inhaal met die ander kinders se skoolwerk. In sy vrye tyd maak Vusi nog steeds bottels en blikkies op die ashoop bymekaar vir sakgeld.

Gogo deel 'n huis met drie ander oumas, en die kinders het twee groot kamers vir hulself.


Baie middag na skool en sokker, gaan Vusi vir Molo kuier waar hy nou in 'n groen veld bly by die Dierebeskermings-vereniging saam met vyf ander bokke. Molo druk sy kop oor die heining sodat Vusi hom kan krap.



“Is jy nou gelukkig, Molo Bok, noudat jy heerlike kos het en vyf vrouens en niemand jag jou vir hulle vleispotte nie?”

Molo skud sy baard en flikker sy geel oë vir Vusi. Dit klink of hy sê, “Niks meer gemors vir ons nie, Vusi!”

Dan galop hy weg oor die gras, stert in die lug, met sy blink wit pels.



Palesa
kry 'n vriend



deur Pandora Alberts

Obo kry swaar

Palesa het saam met haar ma en jonger tweeling broertjies, Tsepo en Musa, gewoon. Langsaan het mevrou Malusi gewoon. Sy het 'n treurige bruin hond, Obo, gehad. Hy was heeldag aan 'n ketting op die erf vasgemaak. Sy waterbak was meestal leeg, dan word hy baie dors, veral as die son so warm gebak het.

Palesa se ma het ver weg gewerk en die kinders was baiekeer alleen by die huis. Obo, die bruin hond, het van Palesa gehou. Sy het met hom gepraat as hy so eensaam was. Soms het sy vir Obo van haar skool toebroodjies gegee. Hy was baie maer en honger. Mev. Malusi het hom nie genoeg kos gegee nie. As sy onthou, het sy 'n stuk mieliepap vir Obo op die grond gegooi om te eet.



Eendag, toe Palesa van die skool af kom met die tweeling, het sy iets vreesliks gesien. 'n Groot seun het Obo met klippe gegooi. Arme Obo het op en af gespring en geblaf. Obo het getjank as 'n klip hom teen die kop tref. Palesa was so kwaad dat sy na die seun gehardloop het en hom onderstebo gestamp het. Al die mense in die straat het gelag, want hy het so snaaks gelyk toe hy in die modder sit.

“Gaan weg!” het Palesa geskree, “Los die hond uit!”


Die seun staan toe op en stap weg. Hy kyk om, dreig Palesa en trek lelike gesigte. “Ek gaan jou nog moeilikheid gee,” sê hy toe. Palesa het bang geword, maar het probeer om dit nie te wys nie.



Sy het die tweeling huistoe geneem, want hulle het begin huil. Gelukkig het hul ma by die huis gewag. "Pasop vir daardie seun," sê haar ma. "Hy doen stoute dinge."

Die vreeslike storm

Daardie nag was daar 'n vreeslike storm. Palesa het lekker snoesig tussen Tsepo en Musa gelê en luister na die donderweer. Die weerlig het die hele huis so 'n snaakse blou kleur gegee. Toe val daar groot reëndruppels op die dak. "Hoe gelukkig is ek om warm, droog en veilig te wees," het Palesa gedink.



Toe hoor sy Obo buite in die reën blaf. Hy was bang en koud. Sy het nie meer gelukkig gevoel nie. Hoe kon sy hom help?

Die volgende oggend het dit nog steeds gereën. Die tweeling wou buite in die waterpoele plas. Palesa moes hulle verby mev. Malusi se huis sleep. Mev. Malusi was buite op die erf. Sy het Obo met 'n stok geslaan en hy het getjank. "Stoute hond!" het sy geskreeu. "Stoute hond! Jy het die hele nag geblaf!"

Palesa het baie kwaad geword. Sy was 'n bietjie bang vir mev. Malusi, maar sy kon dit nie verdra om te sien hoe Obo geslaan word nie. "Hou op, hou op!" het sy gegil.



Mev. Malusi gooi toe die stok neer en draai om na haar, "As jy dan so baie van hierdie hond hou, moet jy hom sommer nou vat. Ek wil hom nie meer hê nie."

Mev. Malusi stoot Obo na Palesa toe. Obo kyk toe vir Palesa met sy sagte bruin oë en waai sy stert. Dit het amper gelyk of hy glimlag. Palesa glimlag ook en streek hom.

Obo kry 'n nuwe huis

Moeder was nie gelukkig nie. "Hy is 'n groot hond en sal baie kos eet. En waar sal hy slaap?"

"Ek sal elke Saterdag vir mnr. Hlongwane by die winkel werk om vir die kos te help betaal", het Palesa gesê.

"Hy kan langs ons bed op die ou groen kombes slaap. Asseblief, asseblief, asseblief tog!" het sy gefluister.



Moeder het geglimlag. "Ek voel ook jammer vir Obo omdat hy so mishandel was" het sy gesê. "Ja, jy kan hom maar hou, maar onthou hy is jou verantwoordelikheid."

Palesa het al die pad skool toe gespring en gedans. Sy was so gelukkig. Toe sy by die huis kom, het Moeder al klaar kos gemaak. Sy het Obo lekker kos gegee. Hy het by die deur gestaan en toe hy vir Palesa sien het hy na haar gehardloop en haar hande gelek.

"Ek moet laat werk vanaand", het Palesa se ma gesê. "Pas vir Tshepo en Tshepang op. Bly veilig in die huis as dit donker word. Moenie die deur oopmaak totdat jy my stem hoor nie."

Palesa het belowe sy sal dit doen. Sy het die tweeling kos gegee en gewas. Toe het sy bietjie van haar huiswerk gedoen. Later het sy televisie gekyk. Die hele tyd het Obo langs haar gesit. Sy het nou en dan sy ore gestreel.

"Jy gaan 'n baie mooi hond word, Obo," het sy vir hom gesê. Hy het sy stert gewaai.

Toe dit donker word, het sy die deur gesluit en die tweeling in die bed gesit. Sy was nie bang nie.



Moeder het baiekeer laat gewerk. Sy was gewoon daaraan. Later het sy langs die tweeling in die bed geklim. Obo het langs hulle gaan opkruel op sy groen kombes.

Obo beskerm sy nuwe familie

Skielik het iemand die deur oopgeskop en die slot gebreek, en daar staan die stoute seun wat Palesa gedreig het. Palesa was stokstyf van vrees.


“Ek kom jou 'n les leer!” sê hy.

Palesa het haar mond oopgemaak om te skree, maar voordat die seun by die deur kon inkom, het Obo op hom gespring en soos 'n leeu geknor.

Die seun wou weghardloop, maar Obo het sy broek geskeur en hom aan die been met sy groot wit tande gebyt. Toe het die seun gegil. Palesa kon hom al die pad in die straat af hoor skreeu terwyl Obo hom aan die enkels hap.

'n Ruk later was Obo terug. Hy het sy stert gewaai en geglimlag.

Die tweeling het deur al die lawaai geslaap!



Bewerig het Palesa 'n stoel teen die deur gesit. Sy het gebuk en haar arms om Obo se nek gesit en hom gedruk.

“Dankie, Obo,” het Palesa gefluister. “Nou kan ons mekaar altyd oppas.”


Hy het haar gelek en gelukkig op sy kometers gaan lê. Hy het liefde gekry en 'n lekker nuwe warm huis.



Oskar, die Wag-vark



deur Pandora Alberts



Oskar, die Wag-vark

Ver weg van die stad, aan die einde van 'n lang grondpad, was daar 'n plaas met die naam “Diep Rivier.” Willem het daar saam met sy ouers en sy klein sussie Annemarie en twee spelerige skaaphonde, Sokkies en Pop, gewoon.

Willem se vader was 'n boer. Hy het skape vir wol, en hoenders vir hul eiers aangehou. Daar was groentetuine en baie vrugtebome vol appelkose en pere en vye. Hulle het ook 'n pragtige geel koei, Saartjie, gehad wat emmers vol lekker romerige melk vir die kinders gegee het om te drink. Hulle mamma het kaas en jogurt gemaak van die melk.

Willem en Annemarie het geweet hulle is gelukkig om op 'n groot plaas met 'n rivier te bly. Dit was verbasend om te sien hoe goed Sokkies en Pop die skape oppas. Oestyd was die beste tyd van die jaar.

Eendag het hulle pa 'n klein varkie van hul bure huistoe gebring. Die varkie was klein en pienk met 'n rubberige, snuffelrige neusie en blink ogies.

“Hy is net twee dae oud. Sy ma het te veel ander babas, nou is hy vir ons gegee om groot te maak,” het Pappa gesê.



Annemarie het die varkie Oskar genoem. Sy het Oskar toegedraai in 'n kombers en hom met 'n bottel gevoer. As sy magie vol was, het sy hom oor haar skouer gegooi om die winde uit te kry soos 'n baba!

Hy het snags in 'n kartondoos langs haar bed toegedraai in sy kombersie geslaap. Die kinders het daarvan gehou om te sien hoe hy rondskarrel op sy kort beentjies met die oortjies wat so flap.

Hy het vreeslik hard geskree as hy alleen gelaat word. Dan het die kinders vinnig gehardloop om hom op te tel en vas te hou. Hy het gou-gou geleer om buite saam met Sokkies en Pop te piepie en te poef.

“Hy's so slim,” het Willem gesê. “Ons kan hom allerhande toertjies leer.”

Hulle pappa was bekommerd. “Moenie te lief raak vir Oskar nie,” het hy gewaarsku. “Ons gaan nog eendag spek en wors van hom maak.”

“Wat?” het Willem en Annemarie gekla. “Oskar eet? Hoe kan ons so 'n vreeslike ding doen? Oskar is ons maatjie!”

“Dis 'n plaas hierdie, kinders, ” het Pappa ernstig gesê. “Hier laat ons dinge groei vir kos. Varke word groot-gemaak vir kos.”



“Nie Oskar nie,” het Willem sy kop geskud. “Ek gaan 'n vegetariër word. Ek gaan nooit weer vleis eet nie.”

“Jy's te jonk om dit te besluit,” het Pappa gesê. “Trek nou jou modder-stewels uit en tap badwater in. Moenie julle bekommer oor hierdie vleis storie nie.”



Maar die kinders was bekommerd. Gedurende die volgende paar maande het Oskar gegroei en gegroei. Hy het spekvet geword en 'n pragtige pels met silwer haartjies gekry. Sy vet wangetjies het sy gesiggie pragtig en vriendelik laat lyk.

Wanneer die kinders van die skool af gekom het, het hy saam met Sokkies en Pop gehardloop om hulle te groet. Hoe groter en vetter Oskar geword het, hoe banger het Willem geword. Eendag was Oskar nie meer by die skaaphonde nie.

Oskar is Weg!

“Waar is Oskar?” wou die kinders weet. Pappa het sy kop geskud. “Moenie so baie vrae vra nie! Gaan doen julle huiswerk,” het hy gesê.

Oskar was toegesluit in 'n stoorkamer. Dit was tyd dat hy vir spek en wors geslag word!

“Hoekom? Hoekom? Julle kan dit nie doen nie,” het die kinders gehuil.

“Ons het die vleis nodig,” het hulle Mamma gesê. “Julle het al baie wors geëet. Julle hou daarvan. En hoe kan ons op 'n plaas boer sonder om van die plaasdiere te eet?”

“Ek haat die plaas!” het Willem gehuil. “Ek wens ons het in 'n dorp gebly en ons kos by die winkels gekoop!”

“Wel, waar dink jy kry die winkels hulle vleis vandaan?” het Pappa gevra.


“Los net vir Oskar uit!” het Willem kwaai gesê. Albei kinders is huil-huil bed toe gestuur.

“Ek dink ons het hierdie besigheid sleg hanteer,” het Willem sy Pappa hoor sê toe hy die kamerdeur toemaak.

Die plaas is aan die brand

In die middel van die nag het Willem wakker geword van 'n vreeslike geskreeu. Iets was baie verkeerd. Sokkies en Pop het rondgehardloop met hul sterte tussen hul bene. 'n Vreesaanjaende rooi gloed het buitekant die kinders se kamervenster geflikker. Willem het die gordyne weg-getrek.

Dit was 'n vreeslike gesig. Oranje vlamme het deur die appelkoosbome geloer. Die skuur was aan die brand. Vonke het hoog in die donker nag opgeskiet, soos miljoene kwaai bye. Daar was 'n harde kraakgeluid toe nog groter vlamme skielik uitbars by 'n stoorkamer vol heiningpale.



“PA! MA! DIE PLAAS IS AAN DIE BRAND,” het Willem angstig gegil. Mamma en Pappa het uit die bed gespring, uit die huis gestorm, en hul baadjies en stewels aangetrek soos hulle gehardloop het.

Die vreeslike geskree en gekerm het harder en harder geword. Dit was Oskar, toegesluit in die stoorkamer! Toe was daar 'n groot deurmekaarspul. Die buurmense het vuurslaners in spanne ingebring. Mense het rondgeskarrel en geskree. Die skerp ligte van die motors het oral rondgeflits. Water is uit die rivier en damme gepomp. Verstikkende rook het reg rondom die plaashuis geborrel. Sokkies en Pop het braaf die skape in die veld gejaag en hulle opgepas.



Waar is Oskar?

Willem en Annemarie is na die buurplaas geneem vir skuiling. Net na son-op het hulle pappa hulle gaan haal. Sy gesig was swart van die roet; daar was gate in sy hemp gebrand en sy oë was rooi. Hy was uitgeput maar het geglimlag.

“Die plaas is gered,” het hy gesê. “Ons het wonderlike hulp gehad. Die skuur is beskadig en ons het 'n paar bome verloor, maar die huis en al die diere is veilig. En dis te danke aan Oskar en jy, Willem, wat ons gewaarsku het. Sonder julle twee kon dit baie erger gewees het.”

“Waar is Oskar?” het Willem gevra. “Oskar is veilig,” het Pappa gesê. “Ek dink hy het vir ons gewys wat 'n goeie wag-vark hy is. Miskien kan ons klaarkom sonder 'n bietjie spek.”

Willem en Annemarie het gillend in hulle pappa se roet-arms gespring.


“Oskar is veilig! Oskar is veilig!”



Tyd om fees te vier

Die volgende dag nadat die plaaswerf skoongemaak is, het hulle 'n groot partytjie gehad. Daar was sóveel om voor dankbaar te wees. Oskar is bederf met 'n groot emmer vol pampoen en waatlemoen, sy gunsteling lekkernye!


En dis nou die storie van hoe die plaas Diep Rivier sy wag-vark gekry het.



Die
Kosbare Geskenk



deur Peta Jones



Die Klein Donkie

Thabo was drie jaar oud toe sy pa se donkie 'n vulletjie gekry het. Thabo se pa het gesê hy kan die vulletjie 'n naam gee en hom self versorg. Hy het vir Thabo vertel dat konings en edelmannes baie jare gelede op donkies gery het. Mense is baie gelukkig dat donkies vir hulle kan werk. Maar hulle moet goed versorg word in ruil vir al hul harde werk.

Thabo het die klein donkie Chipso genoem, wat 'geskenk' beteken. Thabo se pa het hom gewys hoe om die donkie gewoond te maak dat daar aan sy voete en oë gevat word, want somtyds moet donkies se hoewe skoongemaak word as hulle vol modder of dorings raak. Hulle oë moet gewas word as daar te veel stof en vlieë is wat die donkies pla.

Thabo het van Chipso se sagte pels gehou toe hy nog klein was, en die fluweel-agtige vel rondom sy bek.


Thabo het stukkies kos in sy hand gehou en Chipso gevoer. Hy het dit uit Thabo se hand gevat met sy sagte lippe. Gou-gou het Chipso hard gebalk om Thabo te groet as hy hom sien aankom.

Chipo het vinniger groot geword as Thabo. Maar Thabo se pa het hom gewaarsku dat Chipo se bene nog nie sterk genoeg was nie. As hy hard sou moes werk of swaar goed op hom gelaai sou word, sou sy bene knak en dan sou hy pyn gehad het vir die res van sy lewe. As hy goed versorg word, kon hy amper so lank soos Thabo lewe, want donkies kan baie lank lewe.

Toe Chipo vier jaar oud en volwasse was, het hy sy ma gehelp om Thabo se pa se karretjie te trek. Chipo het ook gehelp om Thabo se ma se lande om te ploeg. Maar nou was Thabo sewe jaar oud en hy het Chipo nodig gehad om hom skool toe te vat. Thabo het swaar boeke gehad om te dra, maar Chipo kon die boeke en vir Thabo gelyk dra.

Skooldae

Terwyl Thabo by die skool geleer het, het Chipo geleer om goeie kos in die heuwels te kry. Droë gras en bossies is goeie kos vir 'n donkie. Thabo het Chipo geleer om elke dag op die selfde tyd terug te gaan as die skool gesluit het, om vir hom en al sy boeke huis toe te dra. Party kinders by die skool het vir hom gelag.



Sally het gesê: “Dis snaaks om so ‘n ou stadige dier te gebruik. My pa bring my met ‘n mooi, vinnige motorkar. En ek kan na die radio luister in die kar!”

Ander kinders het gesê: “Ons kom met ‘n taxi en ons luister na CD’s!”

Phineas het gesê: “My trapfiets is mooi en blink en bly net daar waar ek hom neersit. Hy hoef nie gras te eet nie en het ook nie petrol nodig nie.”


Maar Thabo was baie lief vir Chipso en Chipso was ook lief vir Thabo en hy het hom oral gevolg. Thabo het nie sy pa vir ‘n fiets gevra nie. Eendag op pad skool toe, ry Thabo verby Sally wat langs die pad loop met haar swaar skoolboeke. “Waar’s jou pa se kar?” vra Thabo.

“Daar is nie petrol in die kar nie” het Sally skaam gesê. Toe klim sy op Chipso en ry saam met Thabo skool toe. “Chipso het my en al my boeke gedra!” het sy vir die ander kinders vertel. Van toe af het sy amper elke dag saam met Thabo gery.

Op ‘n dag, toe Thabo en Sally op pad huistoe is, sien hulle vir Phineas huil.

“My wiel is pap! As ek nou my fiets probeer ry, sal die wiel heeltemal breek!”





Phineas het sy fiets by die skool gelos. Hy het ook op Chipso geklim en saam met Sally en Thabo huistoe gery. Thabo se pa was kwaad want hy het gedink die vrag is swaar vir Chipso om te dra. “Drie kinders en al daardie boeke is genoeg vir een donkie! As nog meer kinders wil saamry, of as julle groter word, sal die vrag te swaar word. Ander kinders moet self hulle eie donkies kry” het sy pa gesê.

Phineas het ure gesukkel om sy fiets reg te maak. Hy moes dit herhaaldelik doen, want die rowwe paaie het sy bande baiekeer pap laat word, en dan het hy ook laat by die skool gekom.

Eendag het baie kinders laat by die skool opgedaag. Hierdie kinders het met die taxi gery. Die Skoolhoof was baie bekommerd. Hy het ‘n telefoonoproep gekry, en toe vertel hy vir die onderwysers: “Die taxi was in ‘n ongeluk, maar niemand is beseer nie!”

Die Taxi

Daarna was Thabo se pa die taxibestuurder vir die skoolkinders, en die donkiekar was die ‘taxi’. Sally en Phineas het ook met die ‘taxi’ gery, maar Thabo het nog steeds op Chipso gery want hy was baie lief vir hom.



Al die kinders by die skool het toe lief geraak vir donkies. Somtyds het die kinders vir Thabo en sy pa gaan help om donkiemis op die landerye te gooi. So het Thabo se pa geld gespaar en goeie oeste gekry. Hulle het almal saamgestem dat Chipó 'n baie spesiale geskenk aan Thabo was. Hulle kon ook sien hoekom Thabo hom so goed versorg het.

Chipó was nooit toegelaat om op die hoofpaaie te gaan nie. En Thabo was altyd saam met hom op die ander paaie. Snags het Chipó 'n lekker veilige plek gehad om te slaap. Party kinders het hulle pa's gevra of hulle ook donkies mag kry.

Thabo se pa het sy twee-wiel kar vir 'n vier-wiel wa geruil, en kon toe meer kinders skool toe vat. As 'n karretjie net twee wiele het, is dit moeilik om hom te balanseer, spesiaal vir die donkies. Met vier wiele is die probleem opgelos.


Op haar beurt het Thabo se ma geleer om harnasse te maak deur gebruikte supermark-plastieksakkies in-mekaar te vleg. Dit maak sterk bande vir die harnasse en maak nie die donkies seer nie. Terselfdertyd het die plastieksakke mooi helder kleure en dit kan ook maklik gewas word sodat die harnasse helderkleurig en skoon kan bly.



Dit is baie beter as om die plastiëksakke op die grond te los waar dit deur diere geëet kan word. Diere eet die plastiëksakke omdat dit na kos ruik, maar die plastiëk maak groot knope in hul mae en kan selfs hulle dood veroorsaak.

Aankomende motors kon die karretjie sien as dit die hoofligte weerkaats. Die wa het ook 'n seil gehad om die kinders te beskerm teen wind en reën.

Thabo se pa het 'n kassetspeler gekoop om in die wa te luister, maar meestal het die kinders gesing.





Die Storie van
Thabo en Thabisile

deur Tozie Zokufa



Een Sondagoggend het Thabo en Thabisile hulle beste klere aangetrek om 'n kerkdiens by te woon saam met hulle pa, Mnr. Mokoena. Die vorige twee dae was baie warm gewees. Die sonbesies het sommer al vroeg in die bome gezoem en hulle het gewet dit gaan 'n skroeiende dag wees. Terwyl hy langs die stowwerige pad saam met die tweelingseuns gestap het, het Mnr. Mokoena by die heining van die kraal stilgestaan om sy beeste en skape te bekyk.

Hy was baie trots om te sien dat sy vee vet en tevrede is. Mev. Mokoena het nie saam kerk toe gegaan nie. Sy het by die huis gebly om hulle Sondagete voor te berei. Sy het heerlike potjiekos gemaak, wat hulle familie se gunsteling was.

Later daardie oggend was die blou lug oortrek met grys wolke. Soos wat hulle almal opgestaan het om die loflied *Avulekile Amasango, Ezulwini* (Die Hemeldeure word oopgemaak) te sing, hoor Thabo en Thabisile donderweer in die verte.

Teen die tyd dat die kerk klaar is en Mnr. Mokoena en die seuns huis toe wil gaan, het daar 'n ligte reën bui begin val. Thabo en Thabisile het hulle oë styf toegeskynp en in die lug opgekyk om die druppels op hulle gesigte te voel.




Hulle het diep ingeasem om die lekker reuk van die nat grond te ruik.

Mnr. Mokoena was bekommerd oor sy beeste en skape. Die donderweer het al hoe nader gekom. Weerlig het die hele lug verlig. Die reëndruppels het ook al hoe swaarder geword. Hulle moes nog baie ver stap om by die huis te kom. Hy't geweet sy beeste en skape was baie bang vir die groot donderslae. "Kom ons draf al die pad terug huis toe," het hy vir die seuns voorgestel.

Die drie manne was papnat teen die tyd dat hulle die huis bereik het. Hulle ma het al gereed met handdoeke by die voordeur vir hulle gewag.

'n Heerlike reuk uit die kombuis het hulle monde laat water, maar Mnr. Mokoena het gesê dat hy eers seker moes maak dat die donderweer nie die beeste en skape te veel hinder nie, voordat hy saam met hulle sou kon sit en eet.

Die reën het teen die aand steeds hard neergeval. Mnr. Mokoena het sy twee seuns gevra om hom te help om sand en strooi in die kraal te sit sodat die koeie en skape droog kon slaap en warm kon wees vir die aand. Maar Thabisile het gesê: "Pappa, ek is te moeg. Kan Thabo jou nie eerder help nie?" Mnr. Mokoena was teleurgesteld oor sy seun se luiheid.



Hy antwoord hom: “Dis reg so my seun, maar dan moet jy net nie van die koeie en skape verwag om weer enigiets vir jou te doen nie.” Thabisile het op die bank gaan ontspan, sy kop instemmend geknik en ’n groot gaap gegee.

Thabo en sy pa het hulle plastiekreënjasse aangetrek. Hulle het buitentoe na die kraal gegaan om die sand te gooi en strooi bo-oor dit te gooi. Die reën sou op hierdie manier deur die strooi en sand tot in die aarde gesink het, sodat die koeie en skape vir die aand op kooigoed kon slaap in plaas van in waterplasse. Die arme, nat diere het eenkant styf teenmekaar gestaan en geduldig toegekyk hoe Mnr. Mokoena en sy seun gewerk het, en hulle het geweet dat hulle binnekort gemaklik en warm sou kon lê.

Hulle ma het die volgende oggend ontbyt gemaak. Die tweeling het aan tafel gesit toe Thabisile opgelet het dat sy ma vergeet het om melk by die pap te gooi.

Gee asseblief die melk aan,” het hy vir Thabo gevra. Maar sy pa was baie vinnig met sy antwoord. “Nee, Thabisile,” het hy gesê. “Onthou, jy mag nie enigiets van die koeie verwag nie.”

Thabisile het gefrons. Hy het toe kwaad sy skouers opgetrek.



Thabisile het tydens pouse by die skool opgelet dat sy toebroodjies in sy kosblik nie enige kaas ophet nie. Hy loer toe na Thabo se kosblik. Op sy toebroodjies was daar heerlike gerasperde kaas. Thabisile het skielik baie kwaad gevoel. Hy was sommer lus om vir Thabo op sy neus te slaan. Thabo het gesien dat sy tweelingboetie baie kwaad is. “Ek gaan vir mamma en pappa sê as jy aan my raak,” het hy vir Thabisile gewaarsku.

“Onthou jy dan nie? Jy’t nie gister met die koeie en skape gehelp nie. Net ek het vir pappa gehelp.”



Toe die tweeling na skool by die huis kom, het Thabisile gesien dat sy ma besig was om *Umphokoqo* (Afrika-slaai met Amasi) vir aandete te maak. Hy het sommer dadelik geweet dat hy nie *Amasi* vir aandete sou kry nie.

Thabisile het na sy pa toe gehardloop om hom te groet toe hy van die werk af kom. “Pappa, wat kan ek doen om die koeie en skape te help? Ek besef ek was gister selfsugtig en lui. Ek het my les geleer.”

Mnr. Mokoena het gevra: “Watter les het jy geleer, my seun?”

Thabisile het verleë geantwoord: “Ek weet nou dat die lewe oor gee én neem gaan en nie nét oor neem nie,” het hy gesê.

“Mooi so”, sê sy pa. “Kom ons bespreek hoe jy ook kan help.”

*Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis,
geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.*

